

VEREISTES IN 'N SUID AFRIKAANSE GRONDWET:  
ENKELE VERTREKPUNTE

Lawrence Schlemmer

**DOCUMENT AND MEMORANDUM SERIES**

**Centre for Applied Social Sciences**

**Sentrum vir Toegepaste Maatskaplike Wetenskappe**

**UNIVERSITY OF NATAL**

**DURBAN**

CASS.28/83

VEREISTES IN 'N SUID AFRIKAANSE GRONDWET:  
ENKELE VERTREK PUNTE

Lawrence Schlemmer

85/112  
Centre for Applied Social Sciences  
University of Natal  
King George V Avenue  
Durban 4001  
South Africa  
CASS/17.SCH

Sentrum vir Toegepaste Maatskaplike Wetenskappe  
Universiteit van Natal  
Durban

Julie 1983

## 1. ONDERLIGGENDE VOORVEREISTES, SOSIOLOGIES GESIEN

Geslaagde grondwette is nie "vervaardig" of deur deskundiges uitgedink nie. 'n Geslaagde grondwet mag wel deur deskundiges geskryf word maar in sy wese spruit dit voort uit 'n geslaagde proses van versoening tussen die verskeie belangegroepes in 'n land. 'n Goeie grondwet is 'n kodering en formalisering van 'n gesonde ewewig tussen al die magte wat aanspraak maak op invloed en besluitnemingsmag in 'n politieke sisteem.

Die geskiedenis van moderne Afrika is vol voorbeelde van die teendeel. In Afrika is grondwette aangelap op politieke stelsels wat geensins hul ewewig gevind het nie. Demokratiese voorskrifte is gemaak vir lande waar die voorvereistes van 'n demokrasie totaal ontbreek het, nl. 'n alreeds bestaande onderlinge akkomodasie tussen verskillende klasse en etniese groepe. Hierdie grondwette het feitlik almal in 'n mindere of meerdere mate gefaal.

In Suid Afrika kan ons presies dieselfde foute begaan. 'n Grondwet alhier moet gefundeer wees op die werklike maatskaplike en politieke kragte in ons stelsel.

Hier moet 'n mens egter 'n onderskeid tref tussen die korte en die langer duur. Indien Suid Afrika in 'n proses van verandering is wat verhoudinge tussen al die groepe betref, dan sal dit glad nie deug om 'n grondwet te formuleer wat nie die resultate van hierdie proses probeer antisipeer nie. Indien dit nie so gedoen word nie sal enige grondwet 'n tydelike of tussentydse voorskrif wees. So 'n tussentydse voorskrif sal dan evalueer moet word op grond van die mate waarin dit die veranderings proses vertroebel of meer bestendig laat ontplooi.

Met hierdie enkele opmerkings as 'n vertrekpunt kan

gekyk word na die belangriker vereistes in 'n grondwet vir die Republiek. In die eerste plek sal etlike vereistes bloot teoreties gestel word.

## 2. SEKERE TEORETIESE VEREISTES

### 2.1 Die Diep Gesplete Maatskaplike Orde: Kultuurgroepe en Kultuurbehoud.

Die feit dat die Republiek 'n multi-kulturele land is hoef nie verdedig te word nie; dit is van selfsprekend. Om hierdie rede moet enige grondwet daadwerklike voorsiening maak vir die beskerming van kultuur-identiteite. Hier moet daar egter die belangrike voorbehoud genoem word dat 'n kultuur-identiteit nie op groepe afgedwing behoort te word wat selfbewuste belange van 'n ander aard het. M.a.w. dit sal heelwaarskynlik geensins konstruktief wees om 'n klasse-subkultuur as 'n etniese groep te behandel nie. Dit sal alleen die geloofwaardigheid en die geldigheid van die aansprake van die werklike kultuurgroepe ondermyn.

Dit kan ook nie opbouend wees om kultuur-identiteit in so 'n mate te verskans dat dit die belange van ander groepe ten nakom nie, tensy die ander groepe in die algemeen bereid is om die voordele aan sekere groepe te gun. Daar is in die VSA bv. op die oomblik onduidelikheid of die blanke middelstand bereid is om sekere voorregte aan swart Amerikaners te gun indien dit op 'n bykomende belastingslas uitloop of hul eie voordele inkort. Hierdie is 'n wesenlike strydvraag en die moontlikheid bestaan dat die belange van swartmense erg geraak kan word indien sekere federale bystand en toelatingsvoordele by universiteite tot 'n reaksie teen hulle lei.

## 2.2 Die Diep Gesplete Maatskaplike Orde: Welstandsverskille.

Twee aspekte is hier van belang. In die eerste plek sal geen grondwet 'n breë geloofwaardigheid geniet indien dit materiële voordeel verskans of enige groep tot 'n toestand van betreklike armoede verdoem nie. Marxistiese denkers sal wel konstateer dat die beskerming van private eiendom wel materiële voordele beskerm. In die meerderheid lande waar dit wel die geval is word private eiendom egter aanvaar hoofsaaklik omdat almal teoreties eiendom kan besit of aanskaf.

Waar sekere soorte eiendom, of eiendom in sekere landsdele wel vir die gebruik van een groep beskerm word deur 'n grondwet sal die gevaar altyd bestaan dat ander groepe dan die grondwet op hierdie gronde sal bevraagteken, veral waar die afbakening onegalig versprei is.

'n Tweede faktor van belang is waar groot welstandsverskille tot baie sterk aansprake deur sekere groepe op die voordele van ander groepe sal lei. In so 'n geval het 'n grondwetskrywer vier keuses. Of die armer groepe word in hulle aansprake ondersteun wat tot 'n proses van gelykmaking, heelwaarskynlik met groot teenstand en konflik, sal lei; of die welstandsvoordeel van die bevoordeelde groep word uitdruklik beskerm; of die saak word aan vryemark kompetisie oorgelaat, met gelyke geleenthede; of daar word uitdruklik 'n ontwikkelingselement in die bestel ingebou wat tot 'n vermindering van verskille sal lei.

Die mees realistiese keuse blyk om op die derde of die vierde alternatief te val. 'n Probleem egter is dat beide die oop kompetisie en die ontwikkelingsstrategie taamlik lank neem om vrug af te werp. In die

tussentyd sal die gevaar bestaan dat die armer mense dan die bestel verwerp in 'n poging om 'n spoediger verbetering in hul omstandighede te verkry. Hierdie konflik sal natuurlik teengestaan word en die hele bedeling sal in die gedrang kom.

Die welvaartsprobleem is seker die neteligste van alle politieke probleme. Dit verklaar waarom die meeste "oop" politieke stelsels met uitgebreide demokratiese regte in lande voorkom waar daar nie baie groot welstandsverskille bestaan nie. Talle skrywers is die mening toegedaan dat die demokrasie alleen in ontwikkelde lande met 'n algemeen hoë welvaartspeil moontlik is. 'n Groot mate van ongelykheid gaan gewoonlik gepaard met stelsels waarin sterk politieke beheermaatreels bestaan. Algemene armoede het dikwels dieselfde gevolg, en dit is waarom daar self in lande waar rewolusies of "bevryding" alreeds plaasgevind het gewoonlik outoritêre politieke stelsels behou word.

Die antwoord vir die grondwetskrywer lê in 'n balans tussen politieke beheer, hervorming of ontwikkeling en die uitbreiding van politieke deelname op 'n geleidelike manier wat geloofwaardig genoeg is om die meerderheid arm mense 'n redelike vertrouwe in toekomstige verbeteringe sal gee, ondanks enige teenswoordige kontraste. Uiteraard is dit die heel moeilikste taak in grondwetbeplanning.

### 2.3 Die Diep Gesplete Maatskaplike Orde: "Nasionale" Identiteite.

Alhoewel nasionale en kultuur-identiteite vry algemeen oorvleuel, moet die "nasionale" konflik tog apart bespreek word vanweë die diepergaande en meer deurdringende kenmerke daarvan. In sekere gevalle kan die konflik opgelos word deur partisie van 'n land in twee of meer dele. Dit

is egter alleen moontlik waar die nasionale of volks-identiteit in 'n bepaalde geografiese streek gewortel is. Waar die volksidentiteite bestaan maar met mekaar deurvleg is in gemeenskaplike geografiese gebiede, of waar daar 'n ge-integreerde ekonomie bestaan of waar elke "volk" op dieselfde grondgebied aanspraak maak is die grontwetlike probleme feitlik onoplosbaar. Sulke gevalle kry ons in Noord Ierland en tot 'n mate in Libanon en Siprus. Die oplossings kan nooit volkome wees nie en vereis ongewone maatreels. Daar sal na hierdie problematiek teruggekeer moet word.

#### 2.4 Die Diep Gesplete Maatskaplike Orde: Rasseverskille.

Rasseverskille kan dikwels met kultuurverskille oorvleuel, en sommige mense is geneig om die twee faktore oor dieselfde kam te skeer. Daar is egter 'n besondere problematiek in rasseverdelings wat uiters belangrik is.

Daar is baie min wat algemeen is in die verskynsel van rasseverskille. Aan die een kant word derglike verskille dikwels as die mees "ernstige" verskille beskou. Aan die anderkant is daar dosyne politieke stelsels waar die bestaan van rasseverskille in die geskiedenis vandag feitlik vergeet is en glad nie ter sake in die alledaagse lewe is nie. Voorbeelde van laasgenoemde kan gesien word in bv. Egipte, Indie, verskeie Oos Europese lande soos bv. Roemanie, Suid Amerikaanse lande en ook in Portugal, Spanje, Algerie en ander lande om die Middellandse See, waar Moor en Europeër heeltemal saamgesmelt het.

Intrinsiek beteken rasseverskille slegs verskille in voorkoms en ras is feitlik nooit 'n moreel-geldige

rede om sekere mense anders te behandel nie. Ras kry sy maatskaplike eienskappe van gepaardgaande kultuurverskille of klasverskille. (Daar is wel 'n sielkundige aspek, die sg. "selfbeeld" gedagte, maar die kan nie juis as 'n vereiste in 'n grondwet beskou word nie aangesien die wese daaryan meer esteties as enigiets anders is.)

Wat die meeste ter sake is betreffende rasseverskille is die feit dat ras, vanwee die "betekenisloosheid" daarvan nooit 'n geldige grondslag vir maatskaplike onderskeiding kan wees nie. Kultuur of volksidentiteit het intrinsieke waarde maar ras is 'n ongeoorloofde kategorie. Dus waar daar rassevooroordeel wel voorkom word dit altyd onder die naam van kultuur gerasionaliseer. Ras kan tewens nooit in 'n grondwet as 'n maatskaplike etiketeringsfaktor opgeneem word nie. Afgesien van alle ander redes is die wêreldwye verskynsels van rassevooroordeel te afkeurenswaardig om enigsins geldigheid daaraan te verleen.

## 2.5 Enkele Algemene Vereistes.

Dit word algemeen aanvaar dat 'n moderne geskrewe grondwet voorsiening moet maak vir deelname of stemreg vir alle volwasse burgers van 'n land. Die stemreg vereiste is onvermydelik tensy daar deur partisie 'n verdeling in burgerskap teweeggebring kan word.

Wat nie noodwendig 'n vereiste is nie is dat elke stem dieselfde gewig dra in die uitslag van 'n verkiesing. Talle demokratiese lande word gekenmerk deur 'n ongelyke "stemkrag". In Britanje is die landelike stem positief geweeg in vergelyking met die stem in die groot stede, en in die VSA is die gewig van die senaatstem in kleiner state veel meer as die in groot state. Ook in die blanke



stemreg hier tel die landelike stem swaarder as die stedelike stem.

Dit is ook nie noodwendig dat die stelsel unitêr of enkelvoudig hoef te wees nie. Daar is verskeie demokratiese lande waar die stemreg binne streke of state in 'n federale stelsel uitgeoefen word.

Ongeag watter onderskeidings tussen streke of gebiede gemaak word, is 'n stemreg in die basiese sin egter 'n voorvereiste vir 'n geldige grondwet.

## 2.6 Uitweë in Onversoenbare Konflikte.

Onder sekere hoofde hierbo is 'n aantal situasies kortliks omskryf waarin belange en identiteitskonflikte so diep kan loop dat dit binne die bestek van 'n normale grondwet onmoontlik sal wees om die wedersydse belange te versoen. Verskeie skrywers soos bv. Lijpart, Daalder, Lehbruch, Nordlinger, Oberschall en ander wys op 'n moontlike versoeningsproses wat alreeds plaasgevind het in lande soos Nederland, Oostenryk en Libanon. Hierdie proses word gewoonlik "konsosiasie" of in Duits "konkordanz" genoem.

In wese is dit 'n proses waar erkende en geloofwaardige leiers van die verskillende groepe onderling 'n versoeningspoging aanwend en hulle volgelinge dan oorreed om kompromieë te aanvaar wat belangrike belange betref. Die proses, indien dit slaag, word gewoonlik na verwyd as 'n "elite accommodation".

'n Voorvereiste in sulke gevalle is dat die leiers van alle groepe wat 'n kompromie soek erkende mense met hoe geloofwaardigheid is. Dit is ongelukkig egter dikwels die geval in diep-gesplete maatskappye dat 'n deel van die

elite of ingeperk of uitgewekenes is, of hulle word tot optredes genoop wat hulle as openbare onderhandelaars onaanvaarbaar maak. In sulke gevalle is daar min hoop op 'n vreedsame versoening tussen die groepe, en so 'n land sal gewoonlik al hoe meer in 'n toestand van basiese onstabiliteit gedompel word.

### 3. VEREISTES IN DIE REPUBLIEK

Meeste van die teoretiese uitgangspunte wat hierbo genoem is het betrekking op die Republiek in 'n mindere of meerdere mate. Opsommenderwys is die volgende vereistes in die Republiek teenwoordig:

- 3.1 'n Grondwet moet voorsiening maak vir die kultuurbehoud van die groepe wat kultuurbelange as politieke doelwitte handhaaf. Hier dink 'n mens in die eerste plek aan die Afrikanergroep maar die Indiergroepe is ook ter sake, asook sekere swart groepe, alhoewel daar in laasgenoemde gevalle sekere kwalifikasies gestel moet word. In hierdie verband ontstaan daar onmiddellik sekere metodologiese vrae.

Een vraag is of 'n formele beskerming wel nodig is. Die Jode, die Grieke en die Duitsers in Suid Afrika handhaaf hulle kultuurgewoontes sonder enige formele verskansing daarvan. 'n Tweede en verbandhoudende vraag is of 'n formele beskerming nie die vrywillige kultuurmotivering ondermyn nie.

Afrikaans is in 'n swak kompeteringsposisie as dit met die internasionale "Engelse" (of Angel-saksiese) kultuur vergelyk word. Sekere positiewe maatreels is inderdaad nodig om die stand van Afrikaans te beskerm. Huidiglik is die meer bekende formele maatreels die

volgende: 'n monopolistiese staats-uitsaaikorporasie wat Afrikaans as deel-medium streng handhaaf, die grondwetlike beskerming van Afrikaans as amptelike taal, die gedwonge bywoning van Afrikaanse skole deur kinders vanuit Afrikaanse huisgesinne (alhoewel dit niw altyd kontroleerbaar is nie), die amptelike vereiste dat allerlei etikette en aanwysers in albei landstale moet verskyn en die verwagting dat staatsamptenare tweetalig moet wees. Hierdie soort bepalings het nie noodwendig 'n positiewe uitwerking op ander bevolkingsgroepe nie en kan nie juis verseker dat die taal en kultuur in sy wese sal aansterk nie. Trouens, nie een van die bovermelde maatreels vergelyk met een baie sterk indirekete proses, naamlik die stemreg in die Republiek. Die feit dat die stemreg tot blankes beperk is beteken dat die Afrikaanssprekende kieser vir geruime tyd nog 'n meerderheid sal uitmaak. Derhalwe moet enige politieke party wat aan die stelsel wil deelneem 'n positiewe houding t.o.v. Afrikaanse kultuurbehoud inneem.

Meer belangrik, miskien, is die feit dat indien daar 'n redelike mate van Afrikaner politieke eenheid gehandhaaf word die "magsgroep" in die politieke sisteem dan vir die voorsienbare toekoms Afrikaans sal wees. Assosiasie met 'n magsgroep verleen aan 'n taal 'n baie groot mate van maatskaplike aansien onder 'n ietwat wyer groep as net die wat die party direk ondersteun. Meer Engelsprekendes bv. poog deesdae om Afrikaans te leer as wat die geval was voor 1948. Aan die anderkant, egter, veroorsaak so 'n situasie 'n groot mate van vyandigheid teenoor die taal onder diegene wat totaal van mag uitgesluit is.

Die situasie kan miskien soos volg opgesom word.

Afrikaans as taal en as 'n kultuurverskynsel word effektief deur formele maatreel tans beskerm en bevorder, en die wyere invloed van Afrikaans word gewaarborg deur die beperkinge op stemreg in die land. Hierdie prosesse veroorsaak egter 'n aansienlike mate van weerstand teenoor die taal en die kultuur onder diegene wat nie deur die politieke stelsel bevoordeel word nie. Afrikaans word dan miskien al hoe meer 'n sterk maar beleërde kultuur. Indien alle formele beskerming afgeskaf word sal dit die verhouding van Afrikaans tot ander en veral swart kultuur op die lang duur heelwaarskynlik bevorder, maar op die korte duur sal Afrikaans heel moontlik benadeel word weens die feit dat houdings vir 'n tydlank negatief sal bly. Met ander woorde daar sal sekere risikos vir Afrikaans bestaan in 'n grondwetlike bedeling wat die politieke invloed van Afrikaners verswak.

### 3.2 Die Volksnasionaisme

Hierdie besondere groepsdoelwit blyk nie om baie algemeen onder Afrikaanssprekendes te wees nie. In verskeie opnames wat deur hierdie skrywer uitgevoer is is vrae van verskillende soorte aan blankes gestel oor groepsidentiteite. Breed gesien dui die uitslae op die volgende. Terwyl Afrikaners sterk voel oor godsdiens en taalbehoud is die meeste geneig om hulself as Afrikaanssprekende Suid Afrikaners te bestempel en nie as 'n aparte volksgroep in die sin van 'n nasionale eenheid nie.

Die strewe by 'n volksnasionaisme is gewoonlik om selfbeskikking en beheer oor die besluitnemingsproses. Alledaagse menings en verwagtinge onder die gewone Afrikaner kieser in 'n deursneë kiesafdeling sal egter nie op volle outonomie of 'n totale monopolie van politieke mag aandring nie, mits ander belange beskerm

word. Hierdie stelling geld egter nie vir belangrike elite groepe onder Afrikaners wat magsdeling teenstaan. 'n Siening wat totaal gekant is teen enige magsdeling is baie goed verteenwoordig onder die leiersfigure in kultuurorganisasies, die staatsdiens, Afrikaanse studente-organisasies en in die middel-leierskap van al drie "Afrikaanse" politieke partye. Die besigheids-elite is wat hierdie onderwerp betref meer ingestel soos die gewone Afrikaner kieser, maar hierdie elite is minder betrokke in die kultuur en politieke lewe.

Die faktor van volksnasiona­lisme verteenwoordig dus 'n uiters belangrike remmende faktor in enige soek na 'n grondwetspatroon wat magsdeling met anders-kleuriges insluit. Die nie-Afrikaanssprekende blankes kan egter op hul eie natuurlik inkorporeer word weens hul getalle-minderheid, maar die byvoeging van ander groepe sal die hele struktuur van mag kan laat verander. Tot tyd en wyl dat die onlangse "afskilfering" in die politiek tot 'n meer duidelike verdeling in die leierskaps­patroon in Afrikaner kultuur-organisasies lei kan daar nie juis verwag word dat die huidige regering 'n grondwet wat magsdeling insluit sal voorstaan nie. Hierdie faktor is nog 'n sterk teenstrydige element in ons sisteem.

### 3.3 Die Welvaartsgaping

Die gemiddelde lone van Swart werkers het oor die afgelope paar jaar aansienlik verbeter in verhouding tot die van blankes, en daar is tekens dat die algemene lewensstandaarde van die stedelike Swartmense ook verbeter. Daar is egter ook duidelike tekens dat die sisteem nie die verwagtinge van Swartmense op 'n massaskaal kan bevredig nie. Ons hoef maar net aan die behuisingstekort van nagenoeg 600 000 eenhede in alle dele van die land te dink, of aan die geweldige onderskeid in

standaarde en per-kapita geldvoorsiening in die onderwys, aan verskille in krediet en bystand aan Wit en Swart boere, of aan verskille in pensioen en welsynvoordele, ens, ens.

Met ander woorde, alvorens 'n grondwet wat werklike magsdeling behels alhier ingestel kan word sonder dat dit skerp verwagtinge en ewe skerp belange-konflikte en onstabiliteit sal ontketen, sal daar 'n tydperk van daadwerklike hervorming en 'n groter mate van integrasie van die Wit en Swart middelstand moet wees.

Daar is egter gevare in so 'n siening, wat onmiddelik genoem moet word. Dit mag nie as rede vir enige grondwetlike of politieke verstarring dien nie. Ten tweedens moet ook in gedagte gehou word dat die voortsetting van die huidige orde ewe skerp konflik op 'n effens latere tydstip sal meebring. Hier is daar ook dan 'n probleem van teenstrydighede in die basiese struktuur-elemente in ons sisteem.

#### 3.4 Vereistes aan die Kant van Swartmense

Enkele opmerkings oor die posisie van Kleurling en Indiermense sal later gemaak word. Die probleme wat betref 'n bedeling vir die bevolksmeerderheid, die Swartmense, is egter baie neteliger en is seker die mees omstrede aspek van ons politiek en moet dus eerste bespreek word. Die huidige bedeling vir Swartmense is veronderstel om selfbeskikking binne die "Nasionale State" te wees met uitgebreide plaaslike magte vir die Swart stedelinge binne die gemeenskaplike gebied. Daar is egter talle betroubare aanduidings dat hierdie bedeling geensins algemeen aanvaar word nie. Aanduidinge sluit die resultate van verskeie betroubare opnames in, herhaalde

verklarings deur leiersfigure soos Hoofman Buthelezi, dr. Phatudi, prof. Ntsanwisi asook 'n hele reeks gemeenskapsleiers in die stede. Die grootste enkele etniese groep, die Zulus het al hul ondersteuning vir 'n alternatiewe bedeling vir KwaZulu formeel uitgespreek in hul aanvaarding van die verslag van die Buthelezi Kommissie, en dr. Phatudi is tans besig om 'n federale plan as 'n alternatief tot die huidige bedeling te beraam.

Verder is dit duidelik dat die steun, of duld, wat die ANC in die buitewêreld geniet grotendeels te wyte is aan die feit dat daar geringe moontlikhede vir politieke uitlewing vir Swartmense binne die land gesien word. Daar is ook aanduidings dat van die groepe wat alreeds onafhanklikheid aanvaar het 'n groot mate van twyfel oor die stap begin ervaar. Dit blyk om bo twyfel te wees dat die oorgrote meerderheid Swartmense nie hul Suid Afrikaanse burgerskap wil verloor nie.

By hierdie skrywer is daar geen ander alternatief nie as om te aanvaar dat die Swartmense wat nog die onafhanklik is nie een of ander vorm van inlywing in die grondwetlike bedeling vir die land moet geniet.

#### 4. VERSOENING VAN TEENSTRYDIGHEDE

Dit is uit die voorgaande vir hierdie skrywer duidelik dat 'n ideale of 'n algemeen bevredigende grondwet heeltemal buite bereik in die huidige opset is. Dus moet daar gekyk word na aanpassings van die erkende formules wat moontlik 'n tussentydse politieke akkommodasie moontlik sal maak, wat dan ook 'n vreedsame klimaat sal bevorder en maatskaplike ontwikkeling

sal stimuleer. In hierdie verband moet daar na die konsepgrondwet wat tans ter tafel is gekyk word om te sien in hoeverre die as so 'n tussentydse maatreef kan dien.

#### 4.1 Die Huidige Konsepgrondwet

Die grondwetplan wat tans deur 'n Gekose Komitee bestudeer word het wel sekere elemente wat die onversoerbare vereistes in ons sisteem ten dele oorbrug. Die verdeling van Parlement in drie kamers en die onderskeid tussen "eie" en "gemeenskaplike" sake maak dit moontlik om blanke outonomie en selfbeskikking te behou terwyl Kleurlinge en Indier verteenwoordigers ten minste 'n volle parlementêre status verkry. Die feit dat wetgewing oor gemeenskaplike sake "konkurrent" deur al drie kamers goedgekeur moet word sal 'n groter respek vir die behoeftes van bruinmense aanwakker, en sal beslis hul invloed oor beleid kan vergroot. Ook die feit dat daar heelwaarskynlik "nie-blanke" lede (of 'n lid) van die oorhoofse kabinet mag wees sal die aansien van Bruinmense as mede-burgers onder Blankes vergroot. Maatskaplike hervorming onder kleurlinge en Indiers sal vinniger moet geskied, want daarsonder sal die gevaar bestaan dat die toewyding van die anderskleurige deelnemers aan die nuwe stelsel ondermyn sal word, met groot verleentheid vir die regering. Die nuwe sisteem sal ook hegte bande tussen sekere Kleurlingleiers en Afrikaners smee wat ten dele die posisie van Afrikaans in die toekoms sal bevoordeel.

Daar is egter sekere ernstige nadele in die plan. Kleurlingmense het nie 'n bewuste behoefte aan 'n aparte kultuur-identiteit nie, maar so 'n aparte status word deur die grondwet op hulle as 't ware afgedwing. Verder



berus die hele bestel op die hoeksteen van aparte gemeenskappe en dus op die Groepsgebiedewet en ook op die Wet op Gemengde Huwelike. Hierdie wette sal seker nooit deur die Bruinmense aanvaar word nie want, afgesien van die inherente beledigende elemente van hierdie wette, kom die Groepsgebiedewet neer op materiële benadeling van die Bruin gemeenskappe. Hierdie kenmerke van die bedeling sal uit die staanspoor die geloofwaardigheid van die bestel ondermyn. Die gevaar sal altyd bestaan dat die Kleurlingmense hul deelname sal onttrek weens hierdie faktore. Hierdie voorskrifte kan egter nie verander word sonder om die basiese grondslag van die plan te raak.

Verder blyk dit dat die behoefte aan selfbeskikking vir Blankes meebring het dat die President en die Kabinet asook die Presidentsraad losstaan van die drie kamers in die Parlement, wat tot gevolg het dat demokratiese eienskappe en die verantwoordbaarheid wat die ou stelsel het aansienlik afgewater word. In 'n tydperk van snelle politieke verandering is daar miskien 'n behoefte dat 'n President sterk uitvoerende magte geniet maar dan moet so 'n President tog meer demokraties gekies word deur die hele deelnemende bevolking.

Daar is wel ander detail in die plan wat minder bevredigend is, maar seer sekerlik die grootste nadeel is dat die Swartmense heeltemal uitgesluit is. "Swartsake" sorteer onder die President en dit is op hierdie stadium onduidelik of die Parlement minder betrokke met Swart vraagstukke sal kan wees as wat tans die geval is. Die weglating van die Swart groepe is nie alleen 'n leemte nie maar dit kom neer op 'n positiewe vervreemding van erkende Swart leiers. Hoofman Buthelezi, bv. is so gebelg deur die plan dat hy besluit het om so gou moontlik 'n alternatief

voort te bring uit protes en in 'n poging om die regering se plan in perspektief te plaas. Met ander woorde die plan doen absoluut niks om die latente konflik tussen Blank en Swart te ontfont nie, en hierdie saak is seker ons grootste enkele politieke probleem.

Om hierdie redes is dit heeltemal verstaanbaar dat die amptelike opposisie besluit het om die grontwetplan af te keur. Dit is die reg en die rol van 'n opposisie om op sodanige manier protes aan te teken oor swakhede in die optrede van 'n regering, en hul besware is goed gegrond.

#### 4.2 Is Daar 'n Alternatief wat Prakties is?

Dit is natuurlik baie makliker om die konsep-grondwet te kritiseer as om aan 'n alternatief te dink wat op hierdie stadium polities lewensvatbaar onder die regeringsparty sal wees. Die probleem lê nie soseer by die kieserskorps nie maar by die stutorganisasies en ander invloedgroepe. Trouens, dit wil voorkom uit meningsopnames dat die gewone deursneë kieser, selfs die ondersteuners van die Nasionale Party, nie in die meerderheid gekant is teen 'n beperkte inlywing van Swartmense in 'n algemene grondwetlike bedeling nie.

Die geweldige verset teen die grondwet van die kant van die konserwatiewe "establishment" op die oomblik dui egter daarop dat die vaë vrese van die Afrikaanse kieser doelbewus uitgebuit sal word as die regering "verder" gaan as wat in die huidige plan gepoog word.

Een alternatief natuurlik is om die huidige plan te laat vaar en om te wag op verdere maatskaplike ewolusie voordat 'n meer geskikte grondwet geformuleer word. Na

die geweldige omstrede aanloop tot die huidige plan, en met al die verwagtinge wat binnelands sowel as buitelands alreeds geprikkel is kan die regering dit seer sekerlik nie bekostig om die plan terug te trek nie. Dit blyk dan asof die huidige ontwikkelings oordeelkundig verbeter moet word.

#### 4.3 'n Moontlike Verdere Ontwikkeling

In 'n vroeë deel van hierdie opstel is verwys na die een moontlike uitweg waar verstarring en onversoenbaarheid dit andersins onmoontlik maak om politieke ooreenkomste te vind, naamlik "konsosiasie". Daar is egter nog nie genoeg "druk" in ons sisteem om die verskillende elites tot die onderhandelingsstafel te dwing nie. Ons konflikte is ernstig maar nog op hierdie stadium verborge of latent.

As die huidige Eerste Minister egter ernstig is in sy strewe na 'n vreedsame toekoms dan moet daar sekere vroeë stappe in die rigting van 'n "elite versoening" geneem word.

Een van ons grootste probleme is dat die verskillende gemeenskaps en kultuurleiers aan Blanke en aan Swart en Bruin kant buite voeling met mekaar is. Daar bestaan amper geen wedersydse begrip van basiese politieke behoeftes nie en elke leiersgroep handhaaf 'n stel opvattinge wat 'n oorvereenvoudigde politieke wêreldsbekouing vorm.

Miskien is die grootste vereiste op die oomblik dat die mees geloofwaardige gemeenskaps en kultuurleiers na regs en na links, onder Blank, Bruin en Swart in 'n proses van oorlegpleging betrek raak wat oor 'n toekomstige

grondwet sal gaan. Daar moet verkieslik nie 'n "ideologiese" naam aan die proses van oorlegpleging gegee word nie, en daar moet ook nie enige beloftes of voorspellings oor die finale uitkoms gewaag word nie. Met ander woorde dit moet so maklik moontlik gemaak word om politieke "vyande" byeen te bring. Dit kan miskien maar net 'n "Beplanningsraad" genoem word.

Intussen behoort daar 'n moratorium op enige verdere uitbouing van veral die voorgestelde "konfederasie" te wees, want dit is veral hierdie beplande stelsel wat vir belangrike Swart leiers 'n simbool van hul burgerlike vervreemding is.

Die debatte behoort openlik en volledig in die media behandel te word sodat die algemene publiek ook aan die standpunte van ander groepe blootgestel kan word.

Die hoofdoel in so 'n oefening moet wees om 'n realistiese begrip van die remmende faktore aan alle kante by leiers tuis te bring en om 'n gees van konstruktiewe onderhandeling aan te wakker.

Die sakelys in so 'n oefening moet egter een of ander struktuur gegee word, en "deskundige" insette oor moontlikhede in 'n grondwet sal nodig wees. As daar gekyk word na die realistiese moontlikhede wat tans bestaan dan blyk daar om net een breë alternatief te wees wat binne in al die huidige strukture en verwagtinge 'n kans op algemene aanvaarding het.

Een vorm van hierdie alternatief kan, bloot by wyse van voorbeeld, soos volg geskets word. Binne die opset van die huidige konsepgrondwet sal daar heelwaarskynlik 'n "gemeenskaplike" Kabinet tot stand kom. Daar sal ook

heelwaarskynlik enkele "nie blanke" lede in die Kabinet opgeneem word en dus sal die beginsel van beperkte magsdeling tussen blankes en anderskleuriges ingestel word.

Die President en hierdie Kabinet sal dan sake rakende Swartmense behartig. Indien daar geen verteenwoordiging van Swartmense op sentrale vlak is nie sal so 'n Kabinet nog steeds in geloofwaardigheid en verantwoordbaarheid tekortskiet. Dus wat die mees dringende en kommerwekkende probleme in die land betref sal daar haas geen vordering op grondwetlike gebied wees nie.

Daar sal dan met verloop van tyd al hoe meer druk van verskeie oorde op die regering wees om die opset sodanig te wysig om 'n minimum van die nodige verantwoordbaarheid wat swart sake betref in te bou. Een moontlikheid sal wees om enkele Swartmense in die Kabinet op te neem. Daar sal groot voordele in so 'n stap wees. Van politieke oorheersing deur Swartmense sal daar geen sprake wees nie aangesien die Kabinet uiteraard 'n konsensusliggaam is. Aan die anderkant sal daar ook geen sprake daarvan kan wees dat die belange van Swartmense afgeskeep word nie indien hul verteenwoordiging kan verkry op die mees belangrike besluitnemingsliggaam in die land. So 'n stap sal werklik positief die beginsels van "konsosiasie" beliggaam en sal ook heelwat van die kritiek op ons stelsel kan afweer.

So 'n ontwikkeling sal egter vereis dat daar 'n liggaam ontstaan waaraan swart kabinetslede verantwoordbaar is, en waarop die verskeidenheid van swart belange verteenwoordig kan wees. Dit is miskien ook belangrik dat sodanige verteenwoordiging kan ontstaan voordat swart kabinetslede aangestel word, hoofsaaklik omdat die beginsel van 'n oordeelkundige inlywing van swart verteenwoordiging in die algemene landsake eers 'n groot mate van aanvaarding sal moet geniet voordat daar aan swart Kabinetslede gedink word.

Daar blyk om twee moontlikhede te wees wat swart verteenwoordiging buite die Kabinet betref. Een is dat daar 'n "Swart Raad" aangestel word soos wat al voorheen deur die regering voorgestel is. So 'n raad sal egter onmiddelijke probleme skep aangesien sekere belangrike swart leiers die idee alreeds van die hand gewys het, om verskeie politieke redes. So 'n raad sal onmiddelik met die drie kamers in die Parlement vergelyk word en die feit dat dit buite die Parlement bestaan sal aan dit 'n tweederangse status verleen. Daar kan ook nie aan 'n vierde kamer in die Parlement gedink word nie aangesien die bruin verteenwoordiging op 'n numeriese grondslag gegrond is.

'n Meer realistiese moontlikheid is om swart verteenwoordiging in die Presidentsraad op te neem. Een voordeel is dat die Presidentsraad alreeds 'n gemengde liggaam is en dat dit derhalwe makliker deur beide Swartmense en blankes as 'n gepaste forum vir die bespreking van algemene sake sal wees, wat natuurlik ook swart sake insluit. Trouens, Hoofman Buthelezi het al te kenne gegee dat hy nie te vinde is vir enige aparte swart raad nie omdat hy so 'n raad as 'n rasse-instelling sal beskou.

Die presiese magte wat 'n vergrote Presidentsraad op die gebied van swart sake sal uitoefen sal natuurlik in onderhandeling met swart leiers uitgepluis moet word. Trouens, soos hierbo aangedui, sal dit 'n tragiese fout wees indien so 'n bestel nie vooraf met swart leiers uitgeklaar en in detail geformuleer word nie.

Wat die aard van swart verteenwoordiging op sentrale vlak betref is daar 'n alreeds bestaande moontlike grondslag wat homself voordoet. Sodra die nuwe swart plaaslike besture ingestel is sal daar aan die kant van die stedelike Swartmense hopelik wel 'n meer geesdriftige deelname in die gemeenskapspolitiek

ontstaan. Die leierskap wat dan na vore tree sal hopelik dan ook 'n groter geloofwaardigheid geniet as wat tans die geval is. Hierdie leierskap sal dan in die een of ander byeenkoms van swart stadsrade verteenwoordigers op die Presidentsraad kan benoem.

Onder die nie-onafhanklike Tuislande is daar sekere gebiede soos KwaZulu en Lebowa waar die bestaande leierskap sterk stelling ingeneem het teen onafhanklikheidswording. In die geval van KwaZulu is daar die verdere probleem dat die gebied nie gekonsolideer kan word nie en dat die stedelike gebiede van KwaZulu en die van Natal funksionele eenhede vorm. Doeltreffende beplanning en ontwikkeling vereis dat die KwaZulu-Natal gebied as 'n sosio-ekonomiese eenheid bejeen moet word. Daarom blyk dit om gebiedend noodsaaklik te wees om 'n ander bestel vir hierdie soort tuisland te formuleer as die onafhanklikheid wat vir sekere van die ander tuislande in die vooruitsig gestel word. KwaZulu, Lebowa en moontlik ook sekere ander tuislande behoort miskien as selfregerende "provinsies" binne die Republiek beskou te word met oorkoepelende liggame op metropolitaanse vlak wat voorsiening sal kan maak vir die beplanning van stedelike gebiede wat politieke grense oorsteek.

Die wysiging van die tuislandbeleid op so 'n manier sal 'n rasionale stap wees in die lig van die gemeenskaplike ekonomie en die ineengestremgelde geografiese opset van sekere van ons landsdele. Dit sal dit dan ook moontlik maak om verteenwoordiging vanuit hierdie tuislande op die Presidentsraad in te sluit. Die groot voordeel hiervan is dat sekere leiers wat groot geloofwaardigheid geniet soos Hoofman Buthelezi nie in die proses vervreem sal word nie. Dit sal dan ook by die struktuur van die groot Inkatha organisasie aanpas aangesien hierdie organisasie taamlik sterk staan buite sowel as binne die Tuisland.

Indien verteenwoordiging van Swartmense op 'n gebiedsgrondslag bewerkstellig word soos hierbo geskets sal daar nie 'n behoefte wees om die inskakeling van Swartmense op 'n getalle-basis te benader nie. Die politieke voordele hiervan is voor-die-hand liggend.

So 'n stelsel sal nie vir ewig duur nie maar dit sal as 'n middel tot die normalisering van ons landspolitiek kan dien, sonder dat daar vrese hoef te wees oor die verlies van inspraak en mag deur minderheidsgroepe nie. Dit is ook geensins 'n netjiese stelsel nie, maar met die sterk teenstrydige vereistes in ons grondwetpolitiek, het geen erkende stelsel in die nabye toekoms 'n kans op algemene aanvaarding.





This work is licensed under a  
Creative Commons  
Attribution – NonCommercial - NoDerivs 3.0 License.

To view a copy of the license please see:  
<http://creativecommons.org/licenses/by-nc-nd/3.0/>

This is a download from the BLDS Digital Library on OpenDocs  
<http://opendocs.ids.ac.uk/opendocs/>